# Langfos bewys goeie waarde



Langfos se proef links en die kontroleproef regs.
FOTO: VERSKAF

**Boere het die Langfos-naam onthou en nou is dié produk weer beskikbaar. 'n Boer van Kroonstad getuig hoe hy meer wins maak.**

Ná 'n afwesigheid van 17 jaar is Langfos, 'n langtermynmisstof, weer agt jaar terug op die mark. Boere gebruik dit omdat dit 'n misstof is wat langtermynwaarde tot hul grond voeg en aluminiumtoksiteit teenwerk. Dit verdwyn nie deur uitwassing of loging nie. Langfos is nie wateroplosbaar nie, maar wel sitroensuuroplosbaar, wat hiertoe aanleiding gee.

Mnr. Alex Terblanche (082 807 5990) het 'n proef op sy plaas by Eersterus, Kroonstad, gedoen. Hy het uitstekende resultate gekry met die gebruik van Langfos saam met ammoniumsulfaat.

Wit mielies is in die proef op 'n land van 0,68 ha geplant, waar Alex 150 kg Langfos gebruik het teen 'n koste van R380.

Die prys van die ammoniumsulfaat-bemesting beloop R199 per 34 kg op 0,68 ha.

Die totale kunsmiskoste was gevolglik R579.

Hy het 'n oes van 1,285 ton op die 0,68 ha gestroop. Dit is gelykstaande aan 1,9 ton per ha.

## KONTROLEPROEF

As verwysing het hy 'n kontroleproef gedoen met konvensionele chemiese kunsmis. Alex het 'n 2:1:6 (30) chemiese kunsmismengsel teen 150 kg op 0,68 ha gebruik. Die koste was R930. Die ammoniumsulfaat-bemesting se prys per 34 kg is R199 op 0,68 ha. Die totale kunsmiskoste was dus R1129.

Hy het 1,164 ton gestroop op 0,68 ha. Dit is gelykstaande aan 1,71176 ton per ha.

Die plantdatum van die wit mielies was 8 Desember 2015 en die oesdatum was 8 Julie 2016. Die totale reënval van September 2015 tot die oesdatum was 257 mm. Volgens die uitslae is die koste per ton gelewer vir die kontroleproef R659,84 en vir die Langfosproef R306,51.

## DIE SYFERS

Hoewel dit droog was, ongereeld gereën het en die opbrengs swak was, is daar bewys dat Langfos dadelik werk, sê Alex. Genoeg fosfaat is vrygestel om 'n beter oes te lewer as wanneer skoon chemiese kunsmis gebruik word.

Teen die begin van Julie vanjaar het Alex 1,88971 ton wit mielies per hektaar teen R4 579 verkoop. Dit wil sê hy het R8 652,98 per ton gekry. Met 'n uitgawe van R306,51 per ton is die netto wins in die proef met Langfos en ammoniumsulfaat R8 346,47 per ton.

In vergelyking met die proef sonder Langfos het Alex 1,71176 ton per hektaar teen R4 579 per ton verkoop. Hy het R7 838,15 gekry. Sy uitgawes met die chemiese kunsmis was R1 129 per ton, wat die netto wins op R6 709,15 te staan bring. Dit is 'n verskil van R1637,32 meer wins per hektaar indien Alex Langfos en ammoniumsulfaat gebruik.

Wanneer hierdie syfers op 'n gebied van 100 hektaar toegepas word, werk die wins uit op R163 732. **LBW**

NAVRAE: Mnr. George Richards, sel **083 461 8979**.

**NUTTIGE INLIGTING**

| | |
|---|---|
| **Nuwe selflaai-depots:** | Wellington, Kroonstad en vol vragte van Saldanha af |
| **Pryse:** | Van R1 640 per ton |
| **Verpakkings:** | 50 kg, 500 kg, 1 ton en losmaat |

## LANGFOS SE AGENTE

### NOORDWES
Johan Folscher, Ottosdal, **083 390 1258**
Willa Naude, Ottosdal, **083 687 8082**
Johan Nel, Coligny, **083 419 1973**
Tinus Bergh (jr.), Schweizer-Reneke, **079 493 7982**

### LIMPOPO
Danie Weilbach, Naboomspruit, **082 324 8144**

### KWAZULU-NATAL
Pat Williamson, Swartberg en Kokstad, **083 273 3580**

### VRYSTAAT
Albie Jacobs, Kroonstad, **083 462 1751**
Mossie Mostert, Edenville, **082 490 8954**
Boom Muller, Reitz, **082 408 0448**
Theo Bezuidenhout, Bethlehem, **082 789 3101**
Johan Fourie, Senekal, **082 400 0437**
Hans Vos, Marquard, **084 701 7167**
Lourens Botha, Hennenman, **083 379 8778**
Geoff Morgan, Bloemfontein, **082 6911 601**
Charles Malherbe, Bloemfontein, **082 926 4801**
Eicker Henning, Memel en Normandien, **079 437 9850**
Emile Gerbrands (jr.), Bothaville, **083 564 2244**
Emile Gerbrands (sr.), Bothaville, **083 265 1671**
Jan van Rooyen, Kroonstad, **083 625 9928**

### OOS-KAAP
Sarah en Eugene Osterloh, Komga, **083 653 1579** en **082 927 7886**
Corn van der Watt, Humansdorp, **082 774 9032**

### SUID- EN WES-KAAP
Jaco le Roux, Langkloof naby George, **082 493 3519**
Dirk Swart, Mosselbaai, **082 772 4624, 072 6999 5356**
Dirkie Swart, Heidelberg, **079 191 9481**
Hans Ellis, Ashton, **084 231 9665**
Basie Muller, Riversdal, **082 578 5436**

### HOOFKANTOOR
Kobus Swart, **083 302 5584**
George Richards, **083 461 8979**. E-pos: **info@geckofert.co.za**.